Hoe deel ek met my sonde?

Om met sonde te kan deel moet jy eers weet wat is sonde.

Wat is sonde?

Vir die kleinspan: Sonde is alles wat ons sê, wat ons dink, wat ons doen en wat ons nie doen nie wat vir God baie hartseer maak.
Vir ouer kinders: Sonde is alles wat ons sê, wat ons dink (gedagtes), wat ons doen en wat ons nie doen nie wat teenstrydig is met God se karakter.

Die Bybel verduidelik sonde so:

1Joh.3:4 *"Elkeen wat sonde doen oortree die wet van God. Sonde is immers oortreding van die wet van God."*
In die Ou Testament was die wet, die Tien Gebooie waarvan die eerste 4 oor ons verhouding met God gaan, en die laaste 6 oor hoe ons verhouding teenoor ons naaste moet wees. In die Nuwe Testament het Jesus hierdie tien kom saamvat in twee wette**, Liefde vir God, en liefde vir ons naaste**. Mat.22:36-40; Gal.5:14;
Dit word ook genoem die "Wet van die Vryheid" – Jak.1:25; 2:12; en die "Koninklike Wet" – Jak.2:8
Om sonde te doen oor tree jy dus n Koning se wet. Die wet is daar om jou juis vryheid te gee

Noudat ek weet wat sonde is hoe deel ek daarmee?

Deur geestelike asemhaling!

Dit is soos fisiese asemhaling. **Uit** met dit wat vuil is en **in** met dit wat skoon is.

ASEM UIT:
In my longe is vuil lug Koolstofdioksied en dit kan nie daar bly nie, dit moet uit. Net so asem ek my sonde teenoor God uit deur vir God te sê wat ek verkeerd gedoen het. Bely jou sondes by die naam, wees baie spesifiek, moenie net in die algemeen bely nie. Deur dit op die naam te noem erken en herken jy die sonde.

.



ASEM IN:
Nou dat jy die vuil uit het, moet jy die skoon inasem. Die skoon suurstof is God se vergifnis. Eien (vat as joune) God se vergifnis toe in geloof. (jy kan dit nie sien nie, maar jy weet). Glo dat Hy nou jou sonde vergewe het op grond van Sy belofte in 1 Johannes 1:9 *"As ons, ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig"*
en dank Hom daarvoor.

Hoe dikwels moet ons geestelik asem haal?

Elke keer, en sodra ons bewus word van 'n sondige daad, of woord, of gesindheid. God se Heilige Gees maak ons bewus van sonde, al lê dit vêr terug in ons verlede. Soms onthou jy dit skielik terwyl jy daar in die skoolbank sit. Ander kere besef jy sommer dadelik as jy sonde doen. Haal dan onmiddellik geestelik asem!

Hoekom is dit nodig om geestelik asem te haal?

Omdat jy vir Jesus lief is en omdat jy 'n verhouding met Hom het. Jy wil 'n skoon hart hê.

Wat gebeur as jy nie jou sondes bely nie?

- **Gebede sal nie verhoor word nie.**

Jes. 59 : 1-2 "Die arm vd Here is nie te kort om te help nie en Sy oor is nie te doof om te hoor nie.
Dit is julle oortredinge wat skeiding gebring het tussen julle en julle God, dit is julle sondes wat maak dat Hy Hom nie aan julle steur nie en nie na julle wil luister nie."
1Tim.2:8, (Amplified) "I desire that in every place men should pray, without anger or quarrelling or resentment or doubt in their mind – lifting up holy hands"

- **Jy sal ophou om geestelik te groei.**

1Kor.3:1 (MSG) "But right now, friends, I'm completely frustrated by your ujnspiritual dealings with each other and with God. You're acting like infants in relation to Christ, capable of nothing more than nursing at the breast. As long as you grab for what makes you feel good or makes you look important, are you really much different than a babe at breast, content only when everything's going your way?"

- **Dit steel jou vrede en kan jou fisies siek maak.**

Psalm 32:3 "Toe ek oor my sondes geswyg het, het my liggaam uit geteer soos ek heeldag om hulp geroep het. U hand het dag en nag swaar op my gedruk, my krag het opgedroog soos water in somer hitte.

Wat van as jy weer dieselfde sonde pleeg, moet jy weer en weer bely?

Ja, jy moet voortdurend geestelike asemhaling toepas, om jou harte skoon te hou voor God. Ps.24

As ons dieselfde sonde oor en oor pleeg, beteken dit dan dat ons dalk nie gered is nie?

Nee. Jy bly God se kind, selfs al is jy soms ongehoorsaam of moedswillig, maar dan is jy onderworpe aan Sy dissipline net soos 'n mens met 'n stout kind sal maak. Maar God se Liefde bly altyd dieselfde as jou liefdevolle Vader Johannes 10:28 *"Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie"*

Wat van skuldgevoelens?

Satan kan jou steeds laat skuldig voel selfs nadat jy jou sondes bely het. Herinner hom aan 1Joh.1:9 en Heb.9:14 *"Hoeveel te meer sal die bloed van Christus, wat Homself deur die werking van die ewige Gees as 'n volkome offer aan God geoffer het, ons gewetens skoon was van die las van dade wat tot die dood lei sodat ons die lewende God kan dien!"* elke keer as jy skuldig voel oor die sonde.

Baie baie belangrik: Ons kan nie reg wees met God as ons nie reg is met iemand anders nie.

Matt.5:23-24: *"As jy dus jou gawe na die altaar toe bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, laat staan jou gawe daar by die altaar en gaan maak eers vrede met jou broer en kom dan en bring jou gawe.*

GEBED

Liewe Vader ek het berou oor my.....

(noem sondes by die naam)

Dankie vir U vergifnis en reiniging deur die bloed van Jesus.

(1Joh.1:9) Dankie dat Satan geen wetlike reg het om my verder te beskuldig nie, in Jesus naam. Amen.